Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika

Leraar: **VAKANT**

Klein Drakensteinweg 116
Huguenot
Paarl 7646
Telefoon: 021 862-3810

Uniting Reformed Church in Southern Africa

Skriba/Kassier
Mev SM Petersen
Klein Parysweg 9
Klein Parys
Paarl 7646
Tel.021 862-2181

ADVERTENSIE MET DIE OOG OP BEROEPING
Soos goedgekeur deur die kerkraad van VGK Huguenot, Paarl

ADVERTENSIE:PREDIKANT

VAKATURE: Voltydse predikant
SLUITINGSDATUM: 24 Junie 2022

Die gemeente VGK Huguenot wag in biddende afhanklikheid aansoeke van gelegitimeerde predikante of proponente van die VGKSA in, vir die permanente pos van voltydse leraar.

1. GEMEENTEPROFIEL:
   VGK Huguenot is 'n gevestigde geloofsgemeenskap, geleë in die Paarl-vallei. Daar is vier gemeentes op die dorp. Ons gemeente bestaan uit 3860 belydende lidmate en 770 doop lidmate. Die lidmaatverspreiding verteenwoordig alle ouderdomsgroepe. Die gemeente plaas 'n hoë premie op spanwerk en samewerking binne die gemeente en breër gemeenskap. Samewerking met ander plaaslike gemeentes is belangrik. Werksaamhede en verantwoordelikhede word gerig deur die gemeente se strategiese – en jaarplan, fokusareas, projekte en prioriteite.

2. LERAARSPROFIEL:
   1. Beroepbaar verklaar deur die Actuarius (Kerkorde VGKSA,Kaaplandse Streeksinode)
   2. Moes Belydenis van Belhar 1986 onderteken het. Bewys van ondertekening kan aangevra word. Indien nie, inwillig tot ’n gesprek wat sal lei tot ondertekening.
   3. Intense belangstelling in die sieleheil van die gemeente.
   4. Intense belangstelling in die vereningingswese van die gemeente.
   5. Kennis en deernis vir die bejaardes, siekes en noodlydendes.
   6. Begrip vir en belangstelling in die jongmense.
   7. Ervaring van kerkadministrasie, gemeentefondsinsameling en leierseienskappe.
   8. Moet in 'n span kan saamwerk en beskik oor , - kommunikasie- en konflikhanteringsvaardighede .
   9. Onbesproke van karakter.

3. VERGOEDING:
   Die totale koste van indiensneming is onderhandelbaar met die kerkraad volgens die sinodale riglyne. Nodige basiese werksfasilteite word voorsien. Doelmatige en goed versorgde pastorie op die kerkgronde word verskaf.

4. AANSOEKE:
   Aansoeke moet soos volg gedoen word:
   - 'n Omvattende **CV** van nie langer as drie bladsye, afgestem op hierdie pos, asook drie resente onafhanklike referente wat gekontak mag word en hul kontakbesonderhede. Verder moet 'n gewaarmerkte afdruk van die aansoeker se ID-dokument, kwalifikasies en geldige bestuurslisensie die aansoek vergesel.

- ’n **DEKBRIEF**, nie langer as twee bladsye nie, waarin u meer deel oor uself, die spesifieke bydraes wat u kan lewer en u passsies. Stawende bewyse oor u prestasies en bydraes kan van waarde wees.
- Aansoek moet vertoulik gemerk word en kan per e-pos gestuur word aan: die Voorsitter, mnr Dennis von Willingh. (E-pos adres: vgkhuguenot@gmail.com)
- Harde kopieë kan ook by die kerkkantoor in 'n verseëlde koevert ingehandig word.
- Enige telofoniese navrae oor die adverensie kan gerig word aan: mnr Dennis von Willingh by selfoonnommer:0823789551.
- Gekortlyste kandidate sal aan 'n professionele/gestruktureerde keuringsproses onderwerp word. Sodanige kandidate moet vir onderhoude beskikbaar wees op 'n datum , tyd, en plek soos deur die keuringspaneel bepaal. Die proses kan n preekbeurt insluit. Die kandidaat moet self verantwoordelikheid vir vervoer – en verblyfkoste aanvaar.
- Indien applikante teen 05 Augustus 2022 geen terugvoering van sy/haar aansoek ontvang het nie, kan daar aanvaar word dat die aansoek onsuksesvol was. Die kerkraad behou die reg om geen aanstellings te maak nie.

5. **SLUITINGSDATUM:** VRYDAG 24 JUNIE 2022